
# 11 Al my twyfel bring ek Jesus




Al my sonde bring ek Jesus, wat my reinig deur sy bloed.
Hy bewaar my rein en heilig deur sy Gees in my gemoed.

***R.****Slegs vertroue, vol vertroue, slegs vertroue op sy woord.*
*Slegs vertroue, vol vertroue, slegs vertroue op sy woord.*

Al my kwelling bring ek Jesus, Hy skenk my volkome rus;
hoe die donker wolke aanpak, niks kan ooit sy liefde blus. ***R.***

Al my vreugde bring ek Jesus, Hy is al wat ek begeer;;
in my Heiland vind ek alles, en my siel verlang niks meer. ***R.***

Wat ek het, gee ek aan Jesus, gans my liggaam, siel en gees;
hier op aard' en daar ook eenmaal waar ons saam met Hom sal wees. ***R.***

Onbekend G.C. Stebbins (1846-1945)